

**Donderdag 16 November**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 5:6-20**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 5:19**

**God se Gees laat ons jubel**

Soms word met Christene gespot, omdat hulle nie die sogenaamde “lekker dinge” van die lewe mag doen nie. Omdat Christene nie die “lekker dinge” – eintlik sondige dinge – mag doen nie, neem mense aan dat Christene se lewe sonder blydschap en vreugde is. Is dit so?

Paulus wys vir ons met ’n treffende beeld dat dit wat in jou aangaan, jou optrede bepaal. Te veel drank in jou liggaam lei tot losbandigheid. Dit is tog nie regte lewensblydschap nie.

In plaas daarvan om ons met drank vol te maak, kry ons die opdrag om ons met God se Gees te vul. Waar God se Gees ’n mens lewe vol maak, het dit ’n positiewe uitwerking op ’n mens se lewe en hoe mens optree. Daarvoor het Christus juis gekom – om ons sondes weg te neem en dat ons deur sy Gees lewe in oorfloed mag hê.

Al woon God se Gees reeds in elke gelowige, wil God ook hê dat ons Hom sal vra dat sy Gees ons vol maak. Waar sy Gees mens vul, word jou diepste innerlike, jou hart, geraak. Omdat jou hart verander, verander jou lewe om al hoe meer God se beeld te vertoon. Jy wil nie meer deel hê aan ’n sondige lewenstyl nie. Jou manier van leef verander en jy ervaar vreugde en vrede wat net van God af kom. Jy jubel en sing. Jou lewe word ’n lied van danksegging.

Dit is ’n blydschap en vreugde sonder ophou, anders as die kortstondige vals vreugde wat sonde bring.

*Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2*

*Ds. EJ de Beer (Edmund) (Laeveld)*